

# NUUSBRIEF II



## U AFTREEGELD



**Beleggings-  
gekoppelde  
Lewensannuïteit -**  
Onttrek geld uit u  
belegging



**Gewaarborgde  
Annuïteit -**  
Koop 'n pensioen by  
'n versekeraar



**Ouderdoms  
Pensioen -**  
Eis geld van die  
Staat, indien u  
kwalifiseer



## ACRAVEST NUUS



U kan bydra to ons  
**Uitree Annuïteit**



Indien u meer wil weet, insluitende die lys van beskikbare beleggings, **kontak ons**



## BELEGGINGS EN EKONOMIESE TERUGVOER



Markte vaar steeds  
swak



Die langtermyn verwagting is  
steeds dieselfde

Vir meer inligting oor hierdie onderwerpe verwys na die res van die dokument



## UIT DIE PEN VAN DIE WAAKSAAMHEIDSKOMITEE

Op 21 Januarie 2019 om 14:00, na afloop van die Teologiese dag by AP Kerk Pretoria-Oos, word 'n terugvoer geleentheid beplan oor pensioensake. Vir sommige 'n aktuele onderwerp, vir andere nog ver op die horison ..... so dink u dalk?

Hieronder volg 'n bespreking wat hopelik u gedagtes gaan prikkel.

Uit die verslag van die administrateur, gedateer 4 Desember 2018, blyk dit dat daar al 94 lede as aanlyngebruikers op die AP Kerk pensioenfonds in die iRetiresambreelfonds by Acravest-webblad geregistreer het. 25 lede is aktiewe besoekers en 17 lede gereelde besoekers.

U kan ook die toepassing na u voordelestaat, op u selfoon aflaai.

Met die Vastevoordelepensioenskema, was die pensioen wat jy met aftrede sou kry bereken soos volg:  $(2\% \times \text{aantal jare pensioengewende diens}) \times (\text{hoogste gemiddelde salaris oor drie jaar})$ . Die groei daarna het afgehang van die pensioenversekeraar. Beleggingsmarkverdiens was die motiveerder vir aanpassings, al dan nie. Boonop het die restant van die kapitaal waarmee die pensioen gekoop is, by die versekeraar gebly na afsterwe van die langlewende.

Met die Vastebydraefondspensioenskema maak jy oor jou pensioenbydraende tydperk 'n lidbelang bymekaar. Op datum van aftrede bereken jy wat jou maandelikse uitgawes beloop en hierdie syfer bepaal watter persentasie jy maandeliks moet onttrek uit jou lidbelang. Beleggingsmarkverdiens beïnvloed ook die waarde van die belang. Na afsterwe van die langlewende, vererf die pensioenkapitaal wat oor is aan die erfgename.

Hoe weet ek dus of ek voldoende bymekaar gaan kry oor my bydraende tydperk? Hoeveel is voldoende? Die doelwit is minstens om by aftrede 100% van my bydraende salaris te kan vervang. Meer hieroor, later. Die pensioenfondsadministrateur het 'n aftreerekentartjie "retirement-calculator" op u aftreeblad geskep. Hierdie rekenartjie doen die berekening vanaf sekere veronderstellings. U kan dit verander na gelang van u eie omstandighede, indien dit sou verskil. Die doel van hierdie berekening is juis om vas te stel hoe ver u gevorder het op die pad na 100% **salarisvervanging** van u bydraende salaris.

Dit behoort elke lid minstens een keer 'n jaar na die blad toe te bring.

**Salarisvervanging** impliseer eenvoudig gestel, watter persentasie van my laaste salaris gaan ek ontvang nadat ek afgetree het? 20%, 40%, 80% of 100%?

**Die doelwit is 100%. Maar, faktore soos: my jare pensioenbydraende diens, kostes, beleggingsverdiens, inflasie-aanpassings op salaris, wat maak ek met pensioen as ek van werkgever verwissel, ens. beïnvloed hierdie persentasie.**

'n Verdere vraag ontstaan nl. watter persentasie moet ek onttrek met aftrede om hierdie persentasie van my salaris te vervang?



U sal merk in die verslag van die beleggingsbestuurder dat daar doelwitte gestel word om die beleggingsprestasie te meet. 'n Aggressiewe opbrengstoetser sal bv. inflasie + 6% wees. 'n Gematigde prestasie sal inflasie + 4% wees. As jy minder as inflasie verdien, is jy besig om kapitaal of koopkrag te verloor.

Om by die **salarisvervanging** uit te kom moet ons verder let op die impak van inflasie. Die inflasiesyfer wat normaalweg aan ons voorgehou word is die VPI of verbruikerprysinflasie. Dit word d.m.v. 'n mandjie van produkte saamgestel. Hoeveel van u produkte is in dieselfde mandjie?

Kyk na die styging in brandstofpryse, mediese fondspremies, skoolgelde, versekering, bankkoste, beveiliging, sekere voedsellyne. Hou boek van u uitgawes elke jaar en kyk met watter persentasie styg dit in die volgende jaar. Dit is u persoonlike inflasie. Kom ons noem dit 'n **lewensfase-inflasiekoers**. Hoe vergelyk dié koers met die VPI-koers?

Na 'n paar jaar sal u 'n tendens opmerk. Moontlik hou hierdie tendens verband met die wyse waarop u opgegroe het in u gesin?

Eintlik word u aandag verplaas na 'n lewensfase-inflasiekoers per huishouding. Die algemene inflasiekoers kan misleidend wees. Kom ons illustreer –

**Lewensfase 1:** Klaar gestudeer en begin werk, nog nie getroud nie, kleiner motor en verblyf. Wees versigtig vir addisionele uitgawes op bv. aftreevoorsiening of lewensrisiko's. Verduidelik effek verder in volgende fases.  
Ouderdom 22 – 27: lewenskoste relatief laag.  
“Mind the gap” U is moontlik nou op 15% van u pensioengewende salaris.

**Lewensfase 2:** Trou en gesin brei uit, groter motor en verblyf, kinders nog nie in skool nie. Begin solank om spanderingsdissipline by elke lid in die huishouding in te skerp.  
Indien u addisionele kostes sou aangegaan het met die oog op aftredevoorsiening of lewensrisiko's in fase 1, laat die jaarlikse eskalاسies nou al die premies beduidend raak. (Normaalweg is die eskalاسiepersentasie hoër as salarisaanpassingspersentasie)  
Ouderdom 28 – 35: lewenskostes nou hoër as in fase 1.  
“Mind the gap” U is moontlik nou op 10% - 15% van u pensioengewende salaris.

**Lewensfase 3:** Kinders gaan nou skool toe en neem lewensaktiwiteite en behoeftes van die gesin nou drasties toe. Skoolgelde vanaf peuter na kleuter na laerskool na hoërskool verskil beduidend meer as die VPI-aanduider.  
Wanneer 'n motor vervang moet word, hetsy as gevolg van diefstal, ongeluk of ouderdom, kos dit beduidend meer as die VPI-aanduider.  
Skielik begin die effek van saamgestelde koste nou druk uit oefen op die maandelikse kontantvloeï. Spanderingsdissipline vir elke lid in die huishouding moet nou toegepas word. Alternatiewelik, gaan addisionele bronne van inkomste benodig word.  
Indien in fase 1 onnodige kostes aangegaan is, omrede die kontantvloeï dit gemaklik toegelaat het, begin die 10 – 15 jaar eskalاسies nou hul tol eis, omrede daar nie tred gehou is met latere behoeftes en vlakke van kostestygings nie.  
Ouderdom 36 – 47: lewenskostes nou nog hoër as fase 2.



"Mind the gap" U is moontlik nou op 20% - 40% van u pensioengewende salaris.

#### Lewensfase 4:

Moontlik nog kinders op skool, maar eerstes gaan vir tersiêre opleiding. Verdere toename in die behoeftelys. Kontantvloei bereik nou breekpunt, tensy inkomstes aangevul kan word uit ander bronne.

Wat gemaak indien alternatiewe bronne nie bestaan nie? Dan moet herbesin word oor uitgawes i.t.v. noodsaaklikheid. Waak daarteen om gebruik te maak van kredietbronne wat aangebied word. Kredietbronne bring verdere uitgawes mee en werk mee om spandeerdissipline te verslap. Gaan jy dit eendag aflos met pensioengeld? Dan begin die kringloop wat dié situasie geskep het, weer.

Ouderdom 48 – 60: lewenskoste nou op sy hoogste, net voor aftrede.

"Mind the gap" U is moontlik nou op 46% - 66% van u pensioengewende salaris.

#### Lewensfase 5:

Hopelik begin (behoort?) die huishouding se uitgawes daal en kan weer terugbeweeg word na fase 1 koste wat lewensmiddele aanbetref.

Skuldvereffening is egter nou aan die orde, terwyl gereed gemaak word vir aftrede.

Pensioenstewing behoort nou voorkeur te kry bo risikoversekering.

Ouderdom 61 – 70 : Rond pensioen af.

"To late for the gap" Hopelik is u nou op 70% – 85% van u pensioengewende salaris.

#### Lewensfase 6:

Geniet jou aftrede.....?

## U AFTREEGELD



Na u aftrede val u salaris weg en die geld wat u weggesit het terwyl u gewerk het, moet u maandelikse salaris as bron van inkomste vervang.


Dit is van uiterste belang om soveel geld moontlik oor die langste moontlike tydperk te spaar en nie hierdie geld voor aftrede te gebruik nie.

### Voor u aftrede

Indien u toegang verkry tot u aftreegeld voor u aftrede, is dit beter om die geld oor te plaas na 'n bewaringsfonds. Indien u hierdie geld sou spandeer sou dit 'n finansiële tekort tot gevolg hê wanneer u uiteindelik aftree, wat kan beteken dat u nie u huidige lewenstandaard sal kan handhaaf nie.

Die Acravest platform bied verskeie opsies om u geld te bewaar wanneer u van werk verander en stel u in staat om u geld in die beleggingsportefeulje van u keuse te hou teen lae kostes. Indien u weggaan by u werkgever en wil hê u geld moet aanhou groei, kan u dit in die fonds hou teen "groothandelpryse" en dit verder laat groei.

Op hierdie manier verseker u dat u geld steeds kan groei in waarde selfs al dra u nie meer tot die fonds by nie. Dit is egter belangrik om steeds tot die fonds by te dra indien moontlik, om te verseker dat u die maksimum hoeveelheid geld spaar vir u aftrede.





## Na u aftrede



Wanneer u besluit om af te tree met die geld wat u gespaar het, het u 'n keuse wanneer dit kom by die inkomste wat u ontvang van hierdie spaargeld, indien u nie die volle bedrag laat uitbetaal nie (Dit is belangrik om kennis te neem dat slegs lede van 'n Voorsorg Fonds die opsie het om die volle bedrag by aftrede op te eis en dit word nie aanbeveel nie). Die Afrikaanse Protestantse Kerk Fonds is 'n pensioenfonds, wat beteken dat u by aftrede verplig is om ten minste twee derdes van u totale belegging aan te wend om 'n pensioen te verkry. U kan uit een van die volgende opsies kies:

### Beleggingsgekoppelde Lewensannuïteite (“Living Annuities”) of Gewaarborgde Annuïteite (“Life Annuities”)

- Met 'n **beleggingsgekoppelde lewensannuïteit** gebruik u die geld wat u oor die jare wat u gewerk het, gespaar het om vir u 'n inkomste te voorsien na u aftrede. Indien u te sterwe sou kom sal die geld deel uitmaak van u boedel of toegedeel word aan u begunstigdes. Met hierdie produk word u blootgestel aan die onbestendigheid van die mark. Die voordeel van hierdie produk is dat, indien dit goed bestuur word kan u die lang tydperk na aftrede gebruik om die waarde van u belegging te optimaliseer deur voortgesette mark blootstelling.
- 'n **Gewaarborgde annuïteit** is 'n produk wat u by 'n versekeraar koop met u aftreegeld. Hierdie annuïteit sal aan u 'n pensioen betaal tot u afsterwe. U kan met die aanvang van hierdie annuïteit kies dat u gade steeds 'n pensioen ontvang na u afsterwe, maar dit sal u aanvangspensioen verminder. U kan ook kies om 'n ingeboude jaarlikse verhoging te ontvang, maar dit sal weereens u aanvangspensioen verminder. Sodra u hierdie produk aktiveer, is u inkomste gewaarborg en sal dit voorsien word soos u aanvanklik aangedui het. Indien u en u gade vroeg te sterwe sou kom, sal die pensioen nie verder betaal nie.
- Indien u tydens u loopbaan nie genoeg geld gespaar het om aan u 'n inkomste te kan voorsien vir u aftrede nie, kan u 'n pensioen van die staat eis. Hierdie pensioen word “**ouderdomspensioen**” genoem.

### Beleggingsgekoppelde lewensannuïteite in u fonds

U kan 'n maandelikse pensioen uit die APK pensioenfonds, op die Acravest platform ontvang. Wanneer u aftree, kan u in hierdie fonds bly, dieselfde beleggings-strategie volg en 'n inkomste verdien vanuit u belegging.

Volgens die Wet op Pensioenfondse mag u tussen 2.5% - 17.5% van u belegging per jaar onttrek. Om te verseker dat u belegging lank genoeg hou, stel ons voor dat u slegs 5% van u belegging per jaar onttrek. Indien u belegging genoegsaam groei terwyl u slegs 5% onttrek behoort u nie enige van u oorspronklike belegging te gebruik nie, slegs die groei wat die belegging oplewer. Dit sal verseker dat u geld lank genoeg hou.

Dit is belangrik om te onthou dat wanneer u aftree u nog 'n lang tyd (10 jaar of langer) het om u aftreegeld aan beleggings-risiko bloot te stel, wat meer groei oor die lang termyn sal bied.



## Gewaarborgde annuïteite

'n Gewaarborgde annuïteit is 'n versekeringsprodukt. Wanneer u hierdie produk koop neem die versekerer die risiko dat u nog lank gaan leef, maar die versekerer sal daarby baat indien u vroeër te sterwe sou kom as wat verwag is. U kan ook 'n gesamentlike gewaarborgde annuïteit aankoop, wat vir paartjies ontwerp is - wanneer die hooflid te sterwe kom ontvang die gade 'n verlaagde, gewaarborgde inkomste van die versekerer.

'n Voordeel van 'n gewaarborgde annuïteit is dat die pensioen wat u gekoop het (inkomste en jaarlikse verhogings) gewaarborg is. Indien u lank leef hou hierdie produk geen risiko vir u in nie.

'n Nadeel van 'n gewaarborgde annuïteit is dat indien u te sterwe sou kom en daar verdere beleggings sou gewees het vergeleke met 'n lewensannuïteit sal die versekerer die oorblywende bedrag aanwend om beleggers wat langer leef se pensioen te subsidieer, met geen gelde wat na u boedel vloei nie.

## Ouderdomspensioen vanaf die Staat

Let wel: Die volgende inligting is verkry van die staat se webtuiste, waar u verdere inligting kan vind:

<https://www.gov.za/services/social-benefits-retirement-and-old-age/old-age-pension>

*'n Toelaag vir ouer persone word betaal aan persone wat 60 jaar of ouer is.*

*Indien u totale inkomste genererende bates gelyk is aan of minder is as R 1,115,400.00 kwalifiseer u vir ouderdomspensioen wat deur die staat betaal word.*

*Inkomste genererende bates sluit byvoorbeeld nie die huis waarin u woon in nie, maar wel 'n huis wat u verhuur om 'n inkomste te verdien.*

*Ouderdomspensioen word volgens 'n gyskaal tussen die laagste- en hoogste- persoonlike maandelikse inkomste vlak bereken, soos hieronder aangedui:*

*Die maksimum bedrag wat u kan ontvang is R 1,700 per maand. Indien u ouer as 75 jaar is, sal u R 1,720 ontvang.*

U kan meer uitvind oor ouderdomspensioen by die volgende bronne:

- [www.sassa.gov.za](http://www.sassa.gov.za)
- SASSA Toll free: 0800 60 10 11
- CPS: 0800 60 01 60
- E-mail: [grantenquiries@sassa.gov.za](mailto:grantenquiries@sassa.gov.za)



## U benodig die volgende om aansoek te doen vir ouderdomspensioen



a. Besoek u naaste SASSA tak en neem die volgende dokumente saam:

- U identiteitsdokument (ID).
- Bewys van huweliksstatus (indien van toepassing).
- Bewys van adres.
- Bewys van inkomste en/of dividende (indien van toepassing).
- Bewys van u bates, insluitende die waarde van die eiendom wat u besit.
- Bewys van u privaat pensioen (indien van toepassing).
- U bankstate vir die laaste 3 maande.
- Indien u in diens van 'n maatskappy was, u werkloosheids versekeringsfonds (WVF) of ontslag sertifikaat van u vorige werkgever.
- Indien u gade in die afgelope 5 jaar oorlede is, 'n afskrif van die testament en die eerste en finale likwidasie en distribusie rekeninge (indien van toepassing).
- Indien u nie self na 'n SASSA tak kan gaan nie, kan 'n vriend of familielid namens u aansoek doen. Hierdie persoon moet 'n brief van u en/of 'n doktersbrief saamneem wat aandui waarom u nie self die tak kan besoek nie.

b. Vul die aansoek in die teenwoordigheid van 'n SASSA beampte in (slegs u of die SASSA beampte kan die aansoekvorm invul). Die beampte sal met u 'n onderhoud voer en bepaal of u kwalifiseer vir die toelaag.

c. U gaan 'n kwotansie ontvang. Hou dit as bewys dat u aansoek gedoen het.

## ACRAVEST NUUS

### Uittree Annuïteit

Acravest het pas 'n uittree annuïteits fonds bekendgestel. Indien u, u aftreegeld wil aanvul kan u by ons uittree annuïteits fonds aansluit.

Die kostes beloop die volgende:

- Administrasie koste: R 48 per maand
- Beleggings platform fooi: Die laagste van 0.1% van die bates onder bestuur per jaar tot 'n maksimum van R 17.87 per maand.
- Bestuurskoste: R 25 per maand.

Daar is verskeie beleggingsstrategieë beskikbaar. Indien u meer wil weet, kontak ons gerus: [info@iretire.co.za](mailto:info@iretire.co.za) of (012) 841 9927.



## 'N PAAR GEDAGTES OOR BELEGGINGS EN DIE EKONOMIE



### Beleggings terugvoer

Die markte, tot einde Oktober, het swak gevaar oor die afgelope 12 maande, met die meeste strategieë in die mark wat negatiewe groei getoon het oor hierdie tydperk, na 'n hoogtepunt in Oktober 2017.

### 'n Paar wenke met sukkelende mark toestande:

1. Dit is belangrik om beleggings prestasie oor die langtermyn te beskou. Die verwagting is dat beleggings steeds oor die langtermyn hul verwagte groei sal bereik.
2. Wanneer u bydraes maak terwyl die markte swak vaar, koop u meer aandele/eenhede in die fonds, aangesien die toegangspunt tot die mark "goedkoper" is.
3. Aangesien u spaar vir u affrede, behoort u steeds baie tyd te hê om die groei potensiaal van u beleggings te benut. Geduld is 'n belangrike bestanddeel wanneer dit kom by die benutting van die volle potensiaal wat die finansiële markte bied.

### Ekonomiese terugvoer

Einde September 2018 was die jaar op jaar inflasiekoers 4.9% - dit is steeds in lyn met die teiken inflasie vlakke wat voorgestel word deur die Suid Afrikaanse Reserwe Bank. Die rentekoers het bestendig gebly in September, met die prima koers op 10%. Die Reserwe Bank het intussen die rentekoers met 0.25% verhoog, om te verseker dat inflasiedruk tydig aangespreek word.

Plaaslike omstandighede wat korttermyn groei beïnvloed lyk steeds onseker, maar die regering is stadig maar seker besig om vertroue te skep in hul vermoë om die risiko's aan te spreek wat deur die vorige bedeling geskep is. Die brandstof prys was ook in die afgelope maande wisselvallig met stygings tot rekord vlakke en 'n groot daling in die eerste week van Desember.



Hieronder volg die afgelope 5 jaar se pryse vir 'n vat olie, tot en met 31 Oktober 2018.

Ru-olie prys	USD
31/10/2013	105.43
31/10/2014	86.08
31/10/2015	46.96
31/10/2016	49.29
31/10/2017	54.92
31/10/2018	76.73

Op die internasionale front is daar ook onsekerhede in die markte wat ons moet dophou, insluitende Brexit en die handelsoorlog tussen Amerika en China. Daar is tekens van 'n afname in wêreldwye ekonomiese groei met die olie pryse wat ook verlaag het tot nader aan \$60 per vat oor die afgelope weke.



Hieronder is die afgelope 5 jaar se opbrengste van die groot aandele beurse en die JSE:

<b>Aandele beurs aanwysers soos op 31/10/2018</b>	<b>5 Jaar</b>	<b>3 Jaar</b>	<b>1 Jaar</b>
<b>FTSE (VK)</b>	4.44%	-0.28%	-4.42%
<b>Nikkei (Japan)</b>	14.44%	9.52%	4.70%
<b>SSE (China)</b>	9.40%	-9.33%	-23.89%
<b>FSE DAX (Duitsland)</b>	6.30%	2.04%	-14.59%
<b>FTSE/JSE All Share (RSA)</b>	2.85%	-0.88%	-11.18%
<b>Dow Jones (VSA)</b>	10.07%	12.45%	7.44%

\* Perodes langer as 1 jaar is jaarlikse opbrengs

\* Opbrengs word in elke land se eie geldeenheid aangedui

Die rand het verswak teen die meeste van die groot geldeenhede. Dit is die gevolg van verskeie omstandighede - 'n sterker Amerikaanse ekonomie sowel as die rentekoers wat in die VSA verhoog het en 'n swak plaaslike ekonomie met beperkte aanduiding op verbetering.


#### Wisselkoerse soos op 31/10/2018

<b>Suid Afrikaanse Rand</b>	<b>1 Jaar</b>	<b>5 Jaar</b>
US Dollar	4.47%	47.59%
Euro	1.63%	23.04%
Britse Pond	0.65%	17.63%
Singapoer Dollar	2.78%	32.20%
Japanese Yen	5.14%	28.31%
Chinese Yuan Renminbi	-0.66%	28.96%

\* Positiewe persentasie waardes dui waardevermindering aan

#### KONTAK ONS

 [www.acravest.com](http://www.acravest.com)

 (012) 941 9927

 [info@iretire.co.za](mailto:info@iretire.co.za)

Vind ons op sosiale media:

